3. Filippense 1:12-30

Lyding om Christus ontwil

VERWELKOMING: 5 MIN

YSBREKER: 25 MIN

- Hoe sal iemand se lewe lyk wie se hoogste prioriteit die volgende is:
  1. Persoonlike plesier
  2. Versameling van welvaart en materiële goed
  3. Invloed en mag oor mense
  4. Klim van korporatiewe leer
  5. Soek vir die perfekte lewensmaat
  6. Verkry van goedkeuring deur ander
  7. Daarstel van sekuriteit vir self en gesin
- As jy na die wêreld rondom jou kyk, wat dink jy is meeste mense se hoogste prioriteit?
- LYK DIT OF MENSE IN DIE KERK S'N ANDERS IS?

AANBIDDING: 5 MIN

Vra iemand om julle voor te gaan in gebed nadat julle saamgesing het. (Julle kan gerus in 'n kring staan en hande vashou terwyl julle sing en bid.)

Sing Lied 516 twee keer na mekaar (melodie is *'O HEER MY GOD'*):

Al sou dan ook / die vyeboom nie bot nie,
al sou die wingerd sonder druiwe staan;
die graan verdor,
die vrugteboorde wegkwyn,
die beeste, kleinvee,
alles hier vergaan
nóg sal ek juig
en bly wees in my God!
Hy is my hulp, / Hy gee my krag.
Hy laat my loop
waar rats die ribbok gaan;
Hy laat my vas en veilig staan!

BYBELSTUDIE: 35 MIN

HISTORICI LEER DAT PAULUS WAARSKYNLIK 24 UUR VAN DIE DAG AAN 'N WAG vasgeketting was. Die wagte is elke paar uur geruil. PAULUS HET DIT GESIEN AS 'N

geleentheid om vir elke wag van Jesus te vertel – hulle kon immers nie wegloop nie! Praat van 'n 'captive audience'!

Lees Filippense 1:12-30. Laat elkeen een vers hardop lees.

- 'n Mens se eerste reaksie as jy in "boeie" kom is om daar uit te kom. Hoekom was Paulus se reaksie anders?
- Wat behoort ons reaksie te wees wanneer slegte dinge ("boeie") met ons gebeur?
- Wat was die hoogste prioriteit in Paulus se lewe (vers 12-20)?
- Wat is die hoogste prioriteit in jou lewe? Wat wil jy hê moet dit wees? Hoe gaan jou lewe anders wees as jou hoogste prioriteit verander?
- Waar het jy in jou lewe 'n 'captive audience'?
- In vers 23 en 24 skryf Paulus dat dit vir hom beter is om dood te gaan maar vir "hulle" beter is as hy bly leef. Hoe kan ons dit ook sê? Wie is die "hulle" in ons lewe? Hoe is dit vir "hulle" beter as ons bly lewe?
- In vers 29 skryf Paulus dat dit 'n "voorreg" is om "vir Hom te ly". Hoe sal dit vandag lyk om "vir Hom te ly"?

DIENSWERK: 5 MIN

Wie ken julle wat swaarkry, wat "in boeie is"? Is dit iemand in die kleingroep? (Gebruik gerus die gemeente se nuusbrief indien julle nie self iemand ken nie.) Hoe kan julle as kleingroep daardie persoon/persone dien?

GEBEDSRIGLYN: 10 MIN

Vra drie persone om julle voor te gaan in gebed. Bespreek voor die tyd die volgende:

1. Wat het mens nodig om in swaar tye die Here te dien?
2. Op watter maniere word die evangelie verkondig?
3. Wat beteken dit dat ons lewenswandel in ooreenstemming is met die evangelie?

Gee nou geleentheid vir die drie persone om hiervoor te bid.

ADMINISTRASIE: 5 MIN